



# April 2026

INHOUDSOPGAWE

Oordenking…………………….…………1-4
Uit die Voorsitter se pen.…………………..5-6
Redaksie………………………………….......7
Seniorburger blad …………....………....…8-9
Bestuursinligting.…………………….......10-11
Voogdelys.………....…………………….…....12
Lief en leed.…………………………......…13-14
Kampnuus Bloekompoort.......................…15-26
Kampnuus Sionbergh ...........................…27-33
Kampnuus Bush Inn..............................…34-43
Kampnuus View on Vaal.......................…44-53
Verjaarsdae & Huweliksherdenkings…...54-56
Jeug vermaak……………….……………….57
Kampresep.………..…………......................58
Uit die natuur.…………………….....…....59-60
Oupa en Ouma Brag blad.……….................61
Brag blad.…...............………......................62-63
Smoushoekie.…………………....……...…...64
Jaarprogram.…………..………......…….…..65

Jaargang 52 Nr. 3



# Oordenking

## ***Wat is die gevolg van Christus se oorwinning oor die dood?***

Prof. GDS Smit

Ons ken die gebeure rondom die opstanding van die Here Jesus. Ons bely dit in die 12 artikels en ons hoor dit in die prediking. Ons weet ook van die hartseer werklikheid dat daar mense, (ja selfs sogenaamde kerkmense!) is wat die opstanding van ons Here Jesus bevraagteken of ontken.

Hierdie soort ontkenning is nie 'n nuwe verskynsel nie en ook nie uniek aan die tyd waarin ons leef nie. Dit het trouens alreeds in die vroeë kerk voorgekom en kan sover teruggaan as die eerste Christelike kerke. Hieroor waarsku die Woord alreeds in 1 Johannes (Lees bv. 1 Joh. 2:18-25) en op vele ander plekke.

Ons dink vandeesmaand aan die betekenis van die opstanding van ons Here en in besonder hier ook aan die betekenis van sy oorwinning oor die dood. Maar, dink ons genoeg aan die geweldige impak wat die opstandingsgebeure op ons lewe maak, en hoe diep en ingrypend die opstanding van Christus ons lewens kom verander het? Dink ons genoeg daaraan dat die opstanding van Christus en wat ons daaroor glo en bely, die fondament van ons hele geloofslewe bepaal?



Kom ons leer opnuut in 1 Korinthiërs 15 enkele beginsels oor die ingrypende betekenis van die opstanding van Christus vir ons. Ons vat dit in 3 punte saam:

1. Hy het uit die dood opgestaan
2. Ons het die waarborg van die opstanding met Christus
3. Die dood se angel is gebreek

**Hy het uit die dood opgestaan**

Dit is die eerste belangrike betekenis van Christus se opstanding: *Hy het uit die dood opgestaan.* Daarmee het Hy die bande waarmee die dood die mens vashou aan verganklikheid en nietigheid, gebreek. Hy het die dood, die straf op die sonde, finaal oorwin. En juis daarom kan Paulus aan die einde van die bemoedigende woord oor die opstanding van Christus sê: *Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar jou oorwinning?* (1 Kor. 15:54,55). En so, deur Christus se opstanding, het die dood, as straf op die sonde, sy krag verloor. Verstaan u die wonder hiervan? Die dood het nou sy krag in my lewe verloor. Ek kan nie meer verlore gaan nie. Ek is op grond van Christus, met God versoen!

So as Christus nie opgestaan het nie, sou ek nog steeds in die sonde se kake gewees het en ewig verlore gaan (vgl. 1 Kor. 15:17.

**Die opstanding gee 'n waarborg: ons staan met Hom op**

Die tweede belangrike betekenis van die opstanding is: *ons staan met Hom op.* Die Woord verbind die opstanding van Christus met ons geloof (vgl. Efes. 2:5-6). Ons is van nature (letterlik vanuit ons natuurlike erfsonde) geneig om God en ons naaste te haat (Heidelbergse Kategismus antwoord 5). As jy 'n appelpit plant, kom 'n appelboom op. As Adam en sy nageslag na die sondeval voortplant, kom sondaars die wêreld in! Al lyk die babatjie klein, onskuldig en vroom, is dit 'n klein sondaartjie wat in sy mamma se arms lê – wat versoening met God nodig het. En Christus het vir sulkes opgestaan. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees, waarborg Hy op grond van Christus se opstanding dat al God se uitverkore kinders sal opstaan uit hulle sonde en kragtig lewend gemaak sal word. Met dieselfde krag waarmee die

Vader Christus opgewek het, werk Hy ook deur sy Gees in my dooie hart om dit weer lewend te maak en op te wek vir 'n nuwe lewe. Die Dordtse Leerreëls beskryf dit treffend: *"Dit is die wedergeboorte, nuwe skepping, opwekking uit die dode en lewendmaking…wat God sonder ons in ons werk. En dit word in ons volstrek nie teweeggebring deur middel van die uiterlike prediking alleen of deur sedelike aanprysing, of deur enige werking van sodanige aard (dat dit)… in die mens se mag sou lê om wedergebore of nie wedergebore te word nie, bekeer te word of nie bekeer te word nie"* (DL 3-4, 12).

So as Christus nie opgestaan het nie, sou ek nie tot geloof gekom het nie.

**Die dood se angel is gebreek**

Die derde belangrike betekenis van die opstanding is: *die dood se angel is gebreek.* Die opstanding van Christus gee 'n heerlike versekering: ek gaan eendag weer saam met Christus opstaan (1 Kor. 15:22-23). Dit is die rede waarom ons die hartseer, ellende, voorspoed en teëspoed van hierdie aardse lewe blymoedig kan aanvaar. Dit gee ons geloofsekerheid om te kan bely dat hierdie wêreld nie ons voltydse woning is nie, maar dat ons pelgrims is oppad na 'n ander, ewige, heerlike huis (vgl. 2 Kor. 5:1-10). Die opstanding van Christus word die krag wat ons dra deur die pelgrimstog van die lewe.

Dit is ook die troos wat ons het as ons by die oop graf staan: ons staan op grond van Hom nie alleen nie, maar ons het 'n Poort na die ewigheid. Dit is nie die einde nie, maar die begin – die wenstreep wat lei na feesvieringe! In hierdie opsig leer die Woord die dood het sy verskriklike angel verloor en sy gewaande oorwinning was maar tydelik. Ek is oppad na die Vader se huis.

Ons hoef dus nie te leef asof ons in 'n begrafnisstoet is en voortdurend die mag van die dood besing asof daar geen hoop is nie. Al lyk dit soms so, het die dood nie die finale mag nie. Daarom leef ons vol hoop en sterf ons vol verwagting.



So as Christus nie opgestaan het nie, was die dood nog 'n verskrikking en sy angel steeds my bedreiging.

**Ten slotte**

In die herdenking van Paasfees, en in besonder die gebeure rondom die opstanding van Christus, moet ons nie alléén die werklikheid van die gebeure bedink nie, maar ook die werklikheid van die betekenis van hierdie gebeure vir ons. Die opstanding gee 'n absolute sekerheid dat Hy die dood oorwin het, dat ons met Hom oorwin het en dat die dood se verskrikking nie mag oor my het nie.

Die lyding en uiteindelike sterwe van Christus is vir ons belangrik, maar die opstanding is die kern van die Evangelie – die Blye Boodskap. Sonder Christus sou die lewe leeg gewees het, en die sterwe vreesaanjaend. Daarom moet ons deur die krag van die Gees voortdurend nadink oor die geweldige impak wat die opstandings gebeure op ons lewe maak, en hoe diep en ingrypend die opstanding van Christus ons lewens kom verander het.




Artikel voorberei vir *Die Boodskapper* (amptelike blad van die AP Kerk), Maart 2017

*( Bron* https://gdssmit.com/artikels/die-betekenis-van-die-opstanding-van-christus/ *)*



## Uit die Voorsitter se pen

Dagsê al die Suikerbosranders. Hoop dit gaan goed met almal se gesondheid. Daar was ‘n paar van ons lede wat so ‘n rukkie terug operasies ondergaan het, maar ek is bly dit gaan heelwat beter met hulle. Loret was in ‘n motor ongeluk betrokke, maar is baie bly dat sy nie ernstig seer gekry het nie, alhoewel die kar heelwat skade het. Daar was ook bietjie lief, Loret doen baie goed met die lyn-dans, baie geluk hou so aan.
Ons Januarie saamtrek was baie lekker, daar was lekker saam gekuier en natuurlik ons nuwe Burgemeesters paar was ingehuldig. Hennie en Loret is aangewys as die nuwe Burgemeesters paar, baie geluk.
Die Februarie saamtrek was die Gebied saamtrek te Sionbergh. Dit was ook ‘n baie lekker kamp gewees, alhoewel die opkoms nie baie goed was nie, was daar 16 woonwaens gewees. Saterdag middag was daar hang bal toernooi gehou tussen die streke en Suikerbosrand was die wenners. Saterdagaand was daar lekker onder die afdak gekuier.
Maart maand se saamtrek by Bush Inn was net so lekker daar was ook lekker saam gekuier. Adriaan en Elmarie was vol verrassings en ‘n lekker speletjie is vir almal aangebied met pryse, dankie julle. Sondag se kerk diens het ons uitgery na die AGS Lewendewaters. Na die diens het hulle die Suikerbosranders bederf met “Cappuccinos”, natuurlik die Sondag se middag ete was weer lekker, dankie aan al die dames wat dit vir ons voorberei het.
Na Bush Inn in Mei maand, is dit alweer tyd vir ons AJV. Kom kamp saam, dit is altyd ‘n lekker saamkuier kamp. Indien daar enige nominasies is, stuur dit aan ons sekretaresse of enige ander bestuurslid.
Vriende ons ledetal het heelwat gedaal die afgelope maande, die swak ekonomie raak aan almal van ons se beursies en dit gaan nie beter word nie, ons sal moet ‘n poging aanwend om nuwe lede te werf.
**Vriende ek wil graag ‘n beroep aan al die lede doen, kyk of julle die volgende kamp kan bywoon dit is by Bush Inn die naweek van 15-17 Mei, as julle die kamp nie kan bywoon nie, kom kuier vir ons die Saterdag, daar is besluite wat ons moet maak rakende die toekoms van ons saamtrekke en almal se insette sal waardeer word.**



Baie dankie aan almal wat die bedryfsfondse betaal het, dit is ons enigste bron van inkomste. Van die lede wat dit nie by ‘n saamtrek kon betaal nie, julle kan dit direk in die bank inbetaal. As julle nie die bank besonderhede het nie kan julle vir Elize kontak.

Mag ons HEMELSE VADER se hand van bewaring en seëninge oor elkeen van ons wees en almal behoed en bewaar deur hierdie onsekere tye wat ons deurgaan.

Veilig bly en Veilig ry en sleep op die paaie.

Tot ons volgende kamp

Virgie





## Redaksie

Goeie dag vriende

Ons al vier maande in die jaar in en so baie het al gebeur. Baie dankie vir al die insae wat ek al reeds ontvang het om in die boekie te gebruik. Dit is altyd lekker as ons iets ontvang om te gebruik, dit maak my taak baie makliker. So moet asseblief nie ophou nie, stuur vir my nog.

Die redaksie span wil graag uit ons harte vir elkeen 'n baie geseënde en veilige Paasfees toe wens.
Pas julle mooi op tot ons weer kamp.

Johnny en Margaret



*KENNIS GESKIED HIERMEE VAN DIE 53 ste ALGEMENE JAARVERGADERING VAN STREEK SUIKERBOSRAND WAT GEHOU SAL WORD D.V. OP 8 AUGUSTUS 2026 OM 11h00 TE BLOEKOMPOORT*





## Senior burger Blad

So betree ons nog 'n jaar in geloof, vertroue en dankbaarheid. Ons leef langer en nog langer tyd saam met die kinders, klein kinders, familie en vriende om goeie tye en herinneringe te bou. Ons gee almal aandag aan ons kos inname, gereelde oefeninge al is dit ook net om jou eie take in en om die huis te kan verrig, hoe gering ook al.

Ons moet besig bly, dit is goed vir hart, siel en verstand en ook om jou geloof te behou in 'n "nuwe wêreld" waar ons net partykeer tot stilstand gedwing word om "heropname" van jouself en innerlike te maak.

Saam met jou grysheid kom wysheid – ek lees in 'n tydskrif die volgende:

1. Moet nie jouself oud dink en oorgee nie – staan op in dankbaarheid!

2. Sosialiseer ook met jonger mense – al is dit net kort geselsies, luister na hul belangstelling (natuurlik verskil dit wêrelde van toe jy nog jonk was – want tegnologie help hulle baie vandag ook vir onsself) "net die regte knoppie druk"

3. Indien jy instaat is en so voel durf nuwe dinge aan – dinge wat jou persoonlike groei bevorder, leef gesond, inspireer mekaar en bowenal wees daar vir mekaar.

4. Geloof, Hoop en Liefde is wat ons in Gods woord leer – wanneer ons kamp en jy sit en luister hoe elkeen sy of haar belewenis in die moderne tyd vertel besef mens net hoeveel stof tot dankbaarheid het ons elke dag.

Liewe vriende, vertrou dit gaan goed met elkeen en dankie vir die voorreg om 'n deel te wees van so 'n groep wonderlike mense.


Groete tot volgende keer.

Jooste en Elize





**<u>Streeksvoorsitter</u>**
**<u>Virgie Lavos</u>**




Posbus 13160
**Geduld**, 1562
011 813 2734 (H)
082 557 7095 (S)
virgie@tiscali.co.za

**<u>Sekretaris</u>**
**<u>Jackie Lavos</u>**



Posbus 13160
**Geduld**, 1562
011 813 2734 (H)
083 448 5831 (S))
lavosjackie@gmail.com

**<u>Ondervoorsitter</u>**
**<u>Johnny Randall</u>**




Liebenberg Straat 22
**Heidelberg** 1441
084 580 8729 (S)
john.randall@absamail.co.za

**<u>Redaksie</u>**
**<u>Margaret Randall</u>**



Liebenberg Straat 22
**Heidelberg** 1441
072 766 7025 (S)
mags.randall@yahoo.com

**Voorraad**
**Jooste Potgieter**



Eagle Straat 173
Montanapark
**Pretoria**
078 877 6658 (S)
potgieterjooste@hotmail.com

**Penningmeester**
**Elize Potgieter**



Eagle Straat 173
Montanapark
**Pretoria**
083 417 3820 (S)
elizepotgieter@webmail.org.za



# Voogdelys

***Virgie en Jackie Lavos***

Hennie en Loret Oosthuyzen
Gert en Petro Vosloo
Hans en Irma Janse Van Vuuren

***Jooste en Elize Potgieter***

Elize van Heerden
Philip en Hettie Horn
Dániel en Paula van Deventer
Phillip en Ans Opperman
Pieter en Bettie Branken

***Johnny en Margaret Randall***

Adriaan en El-Marie Erasmus
Lionel en Mynah Randall
Mariëtte van Rooyen
Daleen Viljoen

# Lief en Leed

## Leed



Loret Oosthuyzen was in ‘n motor ongeluk betrokke maar het darem nie seer gekry nie, net die motor is beskadig.
Petro Vosloo het geval en haar kop teen muur oop gestamp en moes steke kry.
Elmarie Erasmus het haar vingers per ongeluk met ‘n mes oop gesny en moes ook steke kry.
Philip Horn se motor het agteruit geloop teen ‘n boom vas by die Januarie Kamp te Bloekompoort en die voertuig het skade op gedoen.

Ons het met leedwese verneem van die afsterwe van Chris Joubert die Nasionale Penningmeester. (Letia en familie ons dink aan julle in die moeilike tyd. RED)



*Ons dink aan elkeen in die tyd wat siek en operasies ondergaan het, en bid vir spoedige herstel. Oom Philip ons is jammer om dit te hoor. RED.*



## Lief

Philip Horn se motor is mooi herstel, gelukkig was die skade nie te groot nie.
Hennie en Loret Oosthuyzen is verkies as ons 2026 Burgemeesters paar.




*Ons is baie bly die skade was nie te groot nie oom Philip, en dit is so gou en mooi herstel. Baie geluk mnr. en mev. die Burgemeester. RED*

# Kampnuus

## Bloekompoort

## 23 – 25 Januarie 2026

Woensdagoggend het die eerste woonwaens aangekom vir die eerste Seniorburger kamp vir 2026. Dit was ons die Horn's en die van Deventer's. Ons het heerlik gekuier die paar dae, en van Vrydagoggend af het die res van die naweek kampers aangekom. 'n Totaal van 8 woonwaens vir die naweek.

Vrydagaand is daar "Snackwiches" verkoop, en almal het heerlik daaraan gesmul. Die SAWA voorraad was uitgestal en die mense kon koop wat hulle nodig het. Later Vrydagaand het ons almal heerlik om Virgie se kampvuur gekuier en Virgie het rondom 11 uur sy tradisionele wors, tamatie en uie mengsel " Midnight Snack" gaar gemaak en bedien met rolletjies. Daar was weer goed gesmul aan die fees maal. Met vol magies het die mense gaan inkruip vir 'n soete nag rus.

Saterdagoggend na boekevat het ons almal saam ontbyt gemaak en rond gesit en kuier. Net so voor middag ete het die kampkommandante die saal in gereedheid gebring vir die Burgemeesters inhuldiging. Elkeen het 'n bordjie eetgoed gebring en weereens het ons gekuier en ge-eet totdat dit tyd was om die nuwe Burgemeesterspaar aan te kondig. Virgie het eers die uittredende Burgemeesterspaar vorentoe geroep en hulle bedank vir die afgelope jaar se werk wat hulle gedoen het. Die nuwe Bugemeesterspaar is aangekondig en dit is  Hennie en Loret Oosthuizen. Baie geluk julle twee, julle verdien dit.

Die aand het ons saam gebraai en weereens om die kampvuur gekuier tot laat aand.

Sondagoggend was ons weer bederf met 'n heerlike Bloekompoort ontbyt wat altyd 'n treffer bly. Na ontbyt het ons na 'n erediens gekyk op TV wat van Alberton Lewens Sentrum uitgesaai is, en wat gely was deur



Andries Enslin. Direk na die erediens het Virgie die afsluiting waargeneem.

So kom 'n lekker naweek kamp weer tot 'n einde en was dit alweer tyd om op te pak en huiswaarts te keer.

Baie dankie aan almal wat gekamp het.

Tot volgende keer. Mooi loop.

Philip en Hettie.





*Hettie en Philip besig om die lekker "Snackwiches" Vrydagaand te maak*



*Daar word net rustig gekuier Vrydagaand*





*Daar word lekker saam ontbyt gemaak Saterdagoggend*





*Tyd om die eet goed op die tafels te kry vir die Burgemeesters inhuldiging*



*Philip en Hettie die uittredende Burgemeesterspaar saam met Jackie en Virgie*





*Daar word inspanning gewag vir die aankondiging wie is die nuwe Burgemeesterspaar vir 2026*





*En toe die aankondiging Hennie en Loret die nuwe Burgemeesterspaar vir 2026*







*Die geagte Burgemeesterspaar 2026*



*Daar word lekker saam gebraai Saterdagaand*



*Almal reg vir die erediens en afsluiting Sondagoggend*





*Virgie oorhandig die Kampkommandante plaatjie aan Philip en Hettie*



*Hennie en Loret ontvang hulle 50ste Streek saamtrek plaatjie*



*Ons nuwe lede Hans en Irma ontvang hulle Welkom by Suikerbosrand plaatjie en SAWA stukke van Virgie en so ook hulle Welkom by die Seniorburger plaatjie van Jooste*







*Adriaan en Hennie die Mamparras vir die naweek*



# Kampnuus

## Gebiedskamp Sionbergh

## 27 – 28 Februarie 2026

Daar word weer saamgetrek by Sionbergh vir die Gebiedskamp in Februarie, maar daar is ‘n kinkel in die kamp die jaar, dit word ook gebruik vir die oop NUB.

Drie Suikerbosranders ondersteun die kamp die jaar, en was dit nou weereens ‘n lekker kamp.

Jannie en Alet het uit hul pad gegaan om weereens almal te bederf en te vermaak die naweek. En die aanbiedinge word goed deur die lede Ge-ondersteun.  Daar word tot laat nagte gekuier en gebraai en spelletjie word aangebied. Dankie aan Rietfontein vir die pryse en aanbieding van die “Hangbal” waar Virgie Lavos as die algehele man wenner aan gewys is.  “Goed geoefen oom Virgie”

Saterdagaand se braai was lekker en goed aangebied met sagte musiek en ‘n rustige kuier na die tyd. Ons as bestuur wil graag elkeen uitnooi om te kyk of ons nie meer Suikerbosranders daar te kan kry nie.

So ook het Jannie ‘n beroep gedoen om uitvind hoekom so min mense die Gebiedskamp by woon. So wil ons graag vra net soos Jannie is dit die oord wat maak dat so min mense opdaag of is dit die prys of is dit die datum van die kamp waar op dit plaasvind? As daar enige terugvoer rondom dit is wil ons graag vra maak kontak met Virgie of enige bestuurslid sodat ons dit kan deurgee aan Jannie asseblief.

Tot volgende keer.

Redaksie.





Die NUB vergadering Saterdagoggend en dit word redelik bygewoon



Die “Hangbal” toernooi gaan begin



Virgie doen gou 'n oefenlopie / opwarming



En die spel is aan die gang



*Virgie die algehele mans wenner*



*Chris en Letia Joubert het ook saam gekamp die naweek*



Saterdagaand lekker gebraai en kuier





Sondagoggend erediens en afsluiting word deur Jannie behartig



# Kampnuus

## Bush Inn

## 20 – 22 Maart 2026

Vrydag middag het ons ou laat kommers opgeslaan. Weet nie hoekom die hele Suikerbosrand altyd voor ons daar is nie. Later die aand is daar lekker geëet en saam gekuier by die restaurant. 'n Paar van die dames het CJ de Vos se vertoning BAIE geniet. Dit was tyd vir boekevat waar Petro vir ons 'n baie mooi Boodskap gebring het.

Saterdagoggend is weer met 'n mooi boodskap begin deur Petro. Daar is lekker ontbyt gemaak. Die res van die dag was almal rustig behalwe vir sekere mense was alleen gaan melkskommels drink het. Drie uur het almal bymekaar gekom vir die Foto raai. Ai maar was dit nou lekker pret gewees.

Dit word toe mos weer tyd vir eet want Suikerbosrand is mos altyd honger. Als is reg gekry vir die roerbraai. Met die Hemel se sluise wat oop is, is almal aan die roer met die kos. Dit was sommer heerlik. Die Here se seën oor ons aarde en ons kos. Daar kon dus nie die gebruiklike kamp vuurtjie gemaak word in die reën nie.

Sondagoggend 8:30am was almal in 'n stoet na die Kerkdiens by AGS Lewende Waters waar Pastoor Jaco vir ons 'n treffende boodskap gebring het. Na die diens is ons bederf met 'n lekker "Cappuccino" deur Pastoor se vrou en skoonma.

Terug by die kamp is daar rustig saam gekuier terwyl daar gewag is vir die tente om droog te word. Moet net nie dink daar is net gepak, gehak en gery nie. Nee daar is eers lekker geëet soos net 'n Suikerbossie dit kan doen.



Met die reën wat weer uitsak het ons mekaar gegroet tot ons volgende kamp.

Tot volgende jaar.

Veilig wees.

Adriaan en El-Marie Erasmus



*Vrydagaand eet ons Pizzas by die restaurant*



*CJ die sanger Vrydagaand by die restaurant kyk diep in Petro se oë*



*Adriaan en El-Marie  bied vir ons 'n spelletjie aan wat nou vet pret was*





*Margaret gaan kry haar prys*

*Saterdagaand maak ons almal "Stir fry" Philip en Hettie besig met hulle sin*





*Virgie en Jackie besig met hulle sin*

*Pastoor Jaco en sy vrou besig met hulle sin*







*Gert en Petro besig met hulle sin*

*Jooste besig met hulle sin*





*El-Marie besig met hulle sin*

*Johnny en Peter besig met hulle kos en Wilna hou dop dat dit reg gedoen word*







*Die naweek was koud en reënerig en Virgie speel wegkruipertjie met die weer*





*Suikerbosranders besoek die AGS Kerk in Springs Sondagoggend*



*Adriaan, El-Marie, Petro en Gert ontvang hulle kampkommandante plaatjie van Virgie*





*Adriaan en El-Marie ontvang hulle Gebieds Meriete Plaatjie van Virgie*

# Kampnuus

## Presidente View on Vaal

## 3 – 6 April 2026

Daar word weer saamgetrek by View on Vaal vir die Paasfees in April.

Drie Suikerbosranders ondersteun die kamp die jaar, en dit bly maar ‘n lekker kamp. Die weer was lekker en ons het ‘n lekker oor en weer gekuier.

Jannie en Alet het Gebied Jakaranda ondersteun as onoffisiële kampkommandante en hulle het seker gemaak dit was weer ‘ ‘n onvergeetlike naweek. Dankie Jannie en Alet julle bly maar ‘n voorslag in ons gebied.

Die kamp het soos gewoonlik die Christelike atmosfeer rondom Paasfees behou vanaf Donderdag tot Maandag. Met baie pret en plesier tussenin. Saterdagaand se musiek raai was deur Jannie en Alet aangebied met baie pryse en mens kon sien die mense het dit toe taal en al geniet om deel te neem. Party mense het dit nogal ernstig op geneem die kompetisie tussen die spanne. Maar baie geluk aan elkeen wat ‘n prys gewen het.

Dankie aan gebied Jakaranda vir die aanbied van die kamp. Dit was voorwaar baie lekker. En Sterkte aan gebied Vaaldriehoek wat dit volgende jaar gaan aanbied. Dit sal weer by View on Vaal wees en die eienaar het ooreen gekom om die prys die selfde te hou as die jaar. Baie dankie aan die eienaar Daryl en sy span vir die goeie gesindheid teenoor SAWA.

Tot volgende keer.

Redaksie.





*Donderdagaand het Elandsrand vir on lekker Hoender burger en Rib burgers gemaak. El-Marie was so gaaf gewees om ons burgers te gaan afhaal.*

*Elma Bronkhorst was verantwoordelik vir die ruikers die naweek wat weer so mooi gelyk het by elke dag se tema*





*Erediens Vrydagoggend*



*Margaret en El-Marie berei die tafel voor vir ons Vrydagaand " Fondue " ete*





*Hennie en Adriaan besluit oor wattter nie alkoholiese verversings moet bedien word*



*Rustig langs die viswaters*



*Rietfontein verkoop GROOTMENS koeldrank die Saterdagoggend by die kermis*





*Vaalrivier verkoop hamburgers en chips*



*Alet verkoop Jaffels*



*Jannie en Alet skenk bloed*








*Margaret, Loret en Hennie is reg vir die musiek raai*

*Jonk en oud het hulle self gate uit geniet Saterdagaand*





Quentin van Rietfontein het dit die meeste geniet




Hennie se brood wat hy ingeskryf het vir die kompetisie Sondagmiddag

Ek en El-Marie was ook daar



Hennie en Loret kuier rustig rondom die vuur Sondagaand






# Verjaarsdae

## Maart

6 Maart Daleen Viljoen
9 Maart Adriaan Erasmus
10 Maart Loret Oosthuyzen
16 Maart Ilze-Marie Erasmus

## April

6 April Hennie Oosthuyzen
7 April El-Marie Erasmus

## Mei

2 Mei Lionel Randall

## Junie

4 Junie Petro Vosloo
7 Junie Pieter Branken
23 Junie Elize van Heerden

## Julie

6 Julie Paula van Deventer
9 Julie Bettie Branken
28 Julie Mariëtte van Rooyen
29 Julie TP van Rooyen



## Augustus

1 Augustus Gert Vosloo
3 Augustus Irma Janse van Vuuren
23 Augustus Martie Brandt
24 Augustus Hettie Horn
29 Augustus Ans Opperman

## September

7 September Elize Potgieter





# Huweliksherdenking

## Maart

8 Maart Philip en Hettie Horn
27 Maart Lionel en Mynha Randall

## April

4 April Hans en Irma Janse van Vuuren


## Julie

3 Julie Jooste en Elize Potgieter
7 Julie Pieter en Bettie Branken






# Jeug vermaak




*(Bron*:https://www.google.com/ paasfees/inkleur/prente/inkleur )

# Uit die Kombuis

## Bacon en kaas potbrood!

Brood deeg resep:

*7 koppies meel (Dis presies 1Kg)(Koekmeel)*

*4 Koppies*

*Water(Lou water)*

*2 teelepels sout*

*1 Pakkie suurdeeg.(10g)*

Meng alles goed deur.
Gooi in panne, laat rys, bak vir omtrent 1 uur tot gaar by 180°C

Dis dit, niks knie, af knie nie, net meng goed deur, laat rys en bak knie saam as jy begin knie 500g (semi gaar Bacon ) ek sit die bacon in die mikrogolf vir so 3 min en snipper die Bacon is stukkies) - dan knie ek ook 2k kaas by. Staan en rys tot dubbel in volume en bak op die kole of oond met temp 180'c vir 30-40 min



*(Bron: Ongelooflike Lip lekker Resepte)*



# Uit die Natuur

## Takslang

Suidelike takslang of Savannevoëlslang ook bekend as Takslang of Voëlslang

**Klas:**

Reptiele

**Orde:**

Skub reptiel

**Lengte:**

Vroulik: 975 mm
Manlik: 1 062 mm

**Beskrywing:**

Hierdie uiterste dun slang het 'n spiesagtige kop en groot oë met sleutelgatvormige pupille. Die lyf het eweredige dowwe grys skuinsstroke met oranje vlekke. Die stert is baie lank. Die liggaam is tak-kleurig.

**Verspreiding:**

Gevind in Oostelike en Suider Afrika, in die reënwoude van Sentraal en Wes Afrika.

**Voortplanting:**

Die wyfie lê 4 - 18 klein, langwerpige eiers in die somer wat na 60 – 90 dae in Maart uitbroei. Die kleintjies is 230 - 331 mm lank en weeg 3 - 4 g. Daar is 2 broeisels per seisoen.

**Gif:**

Prooi word vergiftig met 'n byt en word ingesluk terwyl die slang afwaarts hang.

**Dieet:**

Die dieet is baie gevarieerd en sluit akkedisse, paddas, kleiner voëls en selfs ander slange in.

**Veldnotas:**

Die slang is bekend as die takslang omrede sy gelykvormigheid aan die klein takke aan bome en word in sekere plekke ’n voëlslang genoem omdat dit kleiner tipe voëls vang





*(Bron: Sunbird Dierelewe van Suider - Afrika)*



# Oupa en Ouma Brag Blad

Philip en Hettie Horn se kleindogter Chanté van Vuuren nou Botes is getroud 18 Desember 2025



*(Red:Baie geluk oupa en ouma)*

# Brag Blad



Loret blink uit op al die dans toernooie




*(Red:Baie geluk Loret )*



# Brag Blad



Hennie is die wenner van die JoBurg Nomads Nasionale Mans wenner in rolbal

Dan skop hy GAT ook langs die viswater



*(Red:Baie geluk Hennie )*

# Smous hoekie

Wil jy braai vanaand, maar jou houtskool of vuuraanstekers is op?
Skakel vir Dries Brandt by telefoon nommer 011 814 6394 of 083 234 9563.
Hy verkoop ook potjieprutters en potjiedekselstaanders.

------------------------

*As jy wil adverteer in die smoushoekie of enige nuus wil deel, stuur gerus 'n e-pos vir my by* [mags.randall@yahoo.com](mailto:mags.randall@yahoo.com)



Die Suikerbekkie word uitgegee deur die Suikerbosrand streek van SAWA. Plasing van berigte, artikels of enige ander bydrae of advertensies impliseer nie dat dit noodwendig die standpunt van SAWA is nie.
Besoek gerus SAWA web werf vir meer inligting oor SAWA:
http://www.sawa.org.za





# Jaarprogram 2026

| Maand | Datum | Plek | Kamp Kommandante |
|---|---|---|---|
| Januarie | 18 - 22 Snrb | Bloekompoort | |
| | 23 – 25 | Bloekompoort | |
| Februarie | | | Gebied |
| Maart | 20– 22 | Bush Inn | |
| April | 2 - 6 | Presidente | |
| Mei | 15 - 17 | Bush Inn | |
| Junie | Geen | Geen | |
| Julie | Geen | Geen | |
| Augustus | 2- 6 Snrb | Bloekompoort | |
| | 7 – 9 | Bloekompoort AJV | |
| September | 23 - 27 | Nasionaal | |
| Oktober | 23 - 25 | Bush Inn | |
| November | 9 - 12 Snrb | Bloekompoort | |
| | 13 – 15 | Bloekompoort | Jeug |

vanBreda MOTORCYCLES

New & Pre-owned motorcycles

SUZUKI Way of Life!

SUZUKI


Virgie Lavos

61/63 2nd Street, P.O. Box 701, Springs, 1560

Tel: 011 815 6726/7/8/9 Fax: 011 362 3773

A/H: 011 813 2734 Cell: 082 557 7095

vanbreda@netactive.co.za